Skoolseunblues

Deur Johan Van Wyk

1. agter in die skoolbus het Jesse geleer
2. hoe om te rook
3. het sy gewys tot waar sy beenhare skeer
4. agter in die skoolbus
5. het sy geieer om ’n seun te vry
6. om tekens te wys
7. het sy ’n ballpointpenhart geteken
8. met die naam van haar onnie

9. Jesse Jesse my stem is gebreek
10. en ek het nog nooit gerook
11. of met die tong gesoen nie

12. sy dans met getroude mans
13. in die katolieke kerk
14. op Sondae sit sy in ’n sportmotor by die park
15. sy het ’n ou in die army
16. sy het ’n ou op Hennenman
17. sy draai die onnie om haar pinkie
18. ma sê Jesse het niks tussen haar ore nie
19. dan kyk ma in haar spieëltjie

20. Jesse Jesse my stem is gebreek
21. en ek het nog nooit gerook
22. of met die tong gesoen nie

Beantwoord die volgende vrae:

1. Wie is die spreker in hierdie gedig?
2. Watter bewyse is daar in die gedig dat die spreker ‘n onervare tiener is? Haal aan uit due gedig om jou antwoord te bewys.
3. Wie is Jesse?
4. Beskryf die dinge wat Jesse doen volgens strofe een.
5. Watter bewyse is daar dat Jesse baie meer ervare is as die spreker? Noem twee voorbeelde.
6. Waaruit kan ons aflei dat Jesse baie mooi/aantreklik is?
7. Waarom sit Jesse Sondae in ‘n sportmotor?
8. Wat is die eienskap wat deur al Jesse se liefdesbelangstellings gedeel word?
9. Waar het Jesse orals liefdesbelangstellings? Noem die plekke wat in die gedig genoem word.
10. Wat word bedoel met die volgende woorde in versreel 17: *“sy draai die onnie om haar pinkie”*
11. Hou die spreker se ma van Jesse?
12. Hoe beskryf die spreker se ma vir Jesse. Verduidelik in jou eie woorde.
13. Waarom kyk die spreker se ma in die spiel na sy haar beskrywing van Jesse gee?
14. Strofe 2 word herhaal aan die einde van die gedig. Waarom doen die digter dit?
15. Wat is die rympatroon en rymskema van die gedig?
16. Wat noem ons die volgende soort strofes:
    a. Strofe met 3 versreel
    b. Strofe met 8 versreels